Skrifgedeeltes: Genesis 49:16-18, Numeri 2:25-31, Rigters 13:1-5 en Openbaring 7:1-8

Fokusverse: Genesis 49:16-18 (Ou Afrikaanse Vertaling)

Tema: Terwyl jy planne maak, wag op die Here wat red!

Ons lewe in `n tyd van probleme en uitdagings. Net die woorde "probleme" en "uitdagings" laat by baie van ons reeds `n prentjie opkom van daardie dinge in jou lewe en in die land waarmee ons worstel. Of dit nou die groeiende droogte is, of die politiek in ons land wat jou onderkry, of die ekonomie wat meer en meer druk. Hierdie is maar net `n paar probleme wat die meeste van ons raak. Ons praat dan nog nie eers van moeilike verhoudings en uitdagings by die werk nie.

In die algemeen is daar twee maniere waarop ons ons probleme en uitdagings kan aanpak. Óf ons kan inspring en dadelik iets probeer doen aan die saak óf ons kan terugsit, die kat uit die boom kyk en planne maak om hierdie probleem op te los. In die afgelope week het ek op Facebook `n videogreep gesien waarin mens `n voorbeeld kry van hierdie eerste manier.

`n Luiperd het `n blouwildebeeskalf gevang. Die koei, wie se kalf dit is, wil toe natuurlik die kalf red en sy hardloop toe na die kalf toe om die luiperd af te skrik. In hierdie proses van beskerming en oplossing van die probleem gaffel sy toe met haar horings amper haar eie kalf dood terwyl die luiperd lank reeds weg beweeg het. Sy was só vasgevang in hierdie uitdaging dat sy amper dit verwoes het wat vir haar belangrik is.

Die ander manier hoe mens hierdie probleme kan aanpak hoor ons in Genesis 49:16-18. Jakob noem hier vir Dan `n slang op die pad en `n horingslang op die grootpad. Gewoonlik sal ons iemand net `n slang noem wanneer ons op `n negatiewe manier oor `n persoon dink. Jakob gebruik hierdie beeld egter positief, want sien, wanneer `n horingslang bedreig word, lê hy stil totdat die bedreiging verby is en dan val hy aan.

Só, sê Jakob, gaan Dan toesien dat daar aan Israel reg verskaf word. Met hierdie "reg" gaan dit ook nie oor regspraak, soos in `n hof nie. Jakob gebruik hier `n baie spesifieke woord wat net 23 keer in die Bybel gebruik word. Hierdie woord beteken in werklikheid om toe te sien dat jou mense of jou volk beskerm word en veilig gehou word wanneer die vyand hulle bedreig. Dit gaan dus hier oor die oplos van uitdagings en moeilike omstandighede en nie oor die vergewing van sondes of `n regverdige verhoor in die hof nie.

Dan is dus die stam in die volk Israel wat deur middel van planne en strategie gaan toesien dat die res van die volk Israel gered sal word wanneer hulle deur hulle vyande bedreig word. Tog moet ons nie té vinnig oor hierdie gedeelte lees nie. Daar is `n hele stuk familiegeskiedenis opgesluit in hierdie seën wat Jakob vir Dan toesê. Onthou, Dan was die eerste kind van Jakob by Bilha, Ragel se slaaf. Ragel en Lea se seuns kon dus met reg gesê het dat Dan, Gad, Aser en Naftali nie werklik Jakob se kinders is nie en dus nie werklik deel is van Israel nie.

Tog kom Jakob hier en sê dat Dan `n baie besonderse rol gaan vertolk in die volk Israel en ons sien dit ook wanneer ons verder lees in Numeri 2 en Rigters 13. In Numeri 2 hoor ons dat, tydens Israel se reis deur die woestyn, Dan een van die leierstamme was. Ironies genoeg het hierdie vier stamme, waarvan Dan die leierstam was, die agterste deel van die uittog uitgemaak. Soos `n horingslang van

agter aanval, só lei Dan ook die volk van agter af en speel hy `n baie belangrike rol om die volk te beskerm tydens die uittog uit Egipte.

En wanneer ons Rigters 13 lees, hoor ons dat Simson uit die stam Dan kom. Hy is seker dié voorbeeld van hoe die stam Dan redding vir die res van Israel bring. Gaan lees gerus weer hoe Simson telkens die Filistyne uitoorlê het met slim planne en met raaisels. Simson is die een wat begin om die volk van die Filistyne te red. Só verskaf hy die reg aan sy volk.

Tog is hierdie manier waarop Dan die reg gaan verskaf aan Israel en die manier hoe Dan die volk gaan red, nie die belangrikste nie. Dit wat Dan gaan doen, is maar `n voorspel tot dié Een wat die ware redding gaan bring vir die uitdagings wat die volk van die Here in die gesig staar.

Wanneer Jakob hier sê "Op U verlossing wag ek, Here!" is dit asof hy wil sê: "Ek kyk nie vas teen die redding wat Dan gaan bring tydens die uittog nie. Ek kyk nie vas teen die redding wat Simson gaan bring nie en ook nie teen die groot oorwinnings van Dawid nie. Ek kyk verby en ek sien die Christus wat kom! Hy wat gaan kom en vir ons die wysheid en insig gaan gee om elke uitdaging, elke bedreiging en elke probleem die hoof te bied."

Dit is asof Jakob hier reeds die woorde van Jesus hoor wanneer Hy vir sy dissipels sê dat Hy hulle soos skape tussen wolwe instuur en dat hulle versigtig soos slange en opreg soos duiwe moet wees. Wanneer Jakob dus vir Dan seën, gaan dit nie in die eerste plek oor die redding wat Dan gaan bring nie, maar oor die redding wat Jesus Christus gaan bring. Daarom, wanneer ons Openbaring 7:1-8 lees en ons hoor hoe die 144 000 gemerk word, word die stam Dan nie eens genoem nie. Dit gaan nie oor die redding wat Dan bring nie, maar oor die redding wat Jesus Christus bring en oor Sy heerskappy oor alles en almal.

Ons moet onthou dat dit hier nie in die eerste plek oor die verlossing van ons sondes gaan nie, maar oor die probleme en uitdagings wat ons as gelowige kinders van die Here ervaar. Dit gaan hier oor die feit dat ons in elke uitdaging en elke probleem moet onthou dat dit Christus is wat die Hoof van Sy kerk is en dat Jesus Christus regeer en alle wêreldgebeure stuur na `n eindpunt toe. En dit is juis hier waar die verskil tussen gelowiges en ongelowiges lê.

Beide gelowiges en ongelowiges kan probleme en uitdagings aanpak deur óf in te storm soos `n blouwildebeeskoei en die bedreiging weg te jaag óf deur soos `n horingslang rustig te lê en planne te maak en dan aan te val wanneer die uitdaging dit die minste verwag.

Waar die verskil egter inkom is dat wanneer jy nie glo nie, of as jy probleme aanpak asof jy nie glo nie, dan doen jy dit met die houding dat die uitkoms van jou afhang. Dan is dit asof die oplossing van die probleem in jou hande lê en van jou vermoë afhang. Dit is dan wat ons, byvoorbeeld, sal dink dat die uitkoms van hierdie droogte in ons vermoë lê om water te bespaar. Of dat die oplossing van ons land se probleme en geweld in `n nuwe president lê.

Wanneer mens egter in Jesus Christus glo, is daar `n paar vaste waarhede wat jou aanslag heeltemal verander. Dan glo mens dat Jesus Christus as Koning in beheer is. Dan glo mens dat alles in die hand van ons hemelse Vader is. Dan glo mens dat die Heilige Gees jou met insig en wysheid sal lei om die probleem aan te spreek. En dan weet jy dat die oplossing vir die probleme en uitdagings nie in jou hande lê nie, maar dat die Here die redding sal gee.

Mag elkeen van ons deur die Heilige Gees die genade ontvang om die probleme van ons land en dorp só aan te pak, dat dit sal duidelik wees dat ons werklik glo dat dit alleen die Here is wat die verlossing gee. Mag elkeen van ons só leef en só beplan en die uitdagings van die lewe só aanpak dat dit duidelik sal word dat die Heilige Gees aan ons die wysheid en insig gee om dit só te doen.

Mag ons op die redding van die Here wag, terwyl ons planne maak.

Amen